Verslag Algemene Sinode 2015

Die opdrag van die Algemene Sinode aan die Netwerk vir Gemeentebediening was baie wyd. Daarom is begin met gesprekke om eers die spesifieke area waarmee die netwerk die Algemene Sinode van advies moet bedien, te definieer. Die Algemene Sinode is tans besig met ’n baie bepaalde fokus, naamlik die besinning oor wat dit beteken om in hierdie tyd ’n missionale kerk in Suid-Afrika te wees. Gesprekke is gevoer met verteenwoordigers en leiers van taakspanne soos Missionale Ekklesiologie, Lidmaatbemag-tiging en Erediens en Liturgie. Die uitkoms van hierdie gesprekke was dat daar gefokus word op die vraag: “Wat beteken dit om ’n denominasie te transformeer na ’n missionale gemeente? Binne hierdie breër vraag is die terrein van ondersoek van die Netwerk vir Gemeentebediening dan omskryf as: *Hoe lyk die bedieningspraktyke van uitnemende missionale gemeentes in die NG Kerk?*

1.1 WERKSWYSE
Die lede van die Netwerk is gevra om elkeen twee gemeentes te identifiseer wat die transformasie na missionaliteit reeds gemaak het. ’n Vraelys is na elk van hierdie gemeentes gestuur met die versoek dat die leierskap van die gemeente dit sal invul en terugstuur. ’n Totaal van 11 gemeentes het die vraelyste ingevul en teruggestuur. Nadat ’n kompilasie gedoen is, is die resultate weer aan die gemeentes gestuur en enige terugvoer en voorstelle is in die finale verslag geïnkorporeer.

1.2 UITSETTE VAN DIE NAVORSING
1.2.1 Missionale gemeentes vertoon die diversiteit van die NG Kerk in Suider-Afrika in terme van ouderdom, grootte, stad en platteland, ryk en arm. Dit beteken dat enige gemeente missionaal kan wees aangesien dit nie aan die een of ander demografiese profiel gebonde is nie.
1.2.2 Missionale gemeentes is ’n jong beweging wat oor die afgelope 15 jaar tot stand gekom het en daar is nie ’n eenvormige model van gemeentebediening of -strukture by hierdie gemeentes nie: dit gaan eerder oor ’n fundamentele verskuiwing in die benadering tot kerkwees.
1.2.3 Daarby moet dit duidelik gesê word dat die skuif na missionaliteit nie iets is wat vanself gebeur nie – dit vloei uit ’n bewuste keuse. Katalisators vir hierdie keuse is (i) intensionele leierskap binne die gemeente sowel as (ii) eksterne faktore soos demografiese verandering en nood in die samelewing wat gemeentes noop om nuut te dink oor hulleself en hulle roeping.
1.2.4 ’n Betekenisvolle interne katalisator vir verandering vind plaas wanneer gemeentes die bediening “teruggee” vir die lidmate. Lidmaatbemagtiging is daarom ’n fundamentele boublok in die skuif na missionaliteit.

Die wyse waarop die transformasie plaasvind, kan nie vasgepen word in ’n eenvormige, orals-geldende proses nie. Daar is egter bepaalde merkers wat prominent na vore kom:
***1** Geloofsonderskeidende leierskap met sterk geestelike komponente van gebed, luister, geloofsvorming en omgang met die Woord. Gemeentes ervaar ’n duidelike roeping hier en nou.
***2** Intensionele fasiliteringsprosesse soos dié van die Suider-Afrikaanse Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes het by baie ’n groot rol gespeel.
***3** Lidmate wat eienaarskap neem.
***4** Betrokkenheid in die gemeenskap.

1.2.5 Die kerk sal wys wees om te leer uit die foute wat suksesvolle missionale gemeentes in hulle transformasie en bedieningspraktyke gemaak het. Die gemeentes dui die volgende foute aan wat hulle gemaak het:
***1** Transformasie in die kerk vind anders plaas as in die besigheidswêreld. Dit vra baie meer tyd, geduld en geloofsonderskeiding. Beweeg stadig!
***2** Onvoldoende kommunikasie oor die visie en wat aan die gebeur is.
***3** ’n Onderskatting van die rol van leiers in die proses.
***4** Isolasie van die gemeenskap en ’n gebrek aan noue samewerking met die gemeenskappe wat bedien word. Dit is noodsaaklik om gesonde gemeenskapsontwikkelingbeginsels toe te pas.
***5** Gemeentes maak ook soms die fout om ’n te lae verwagting te hê van wat hulle kan vermag.

1.2.6 Op die vraag oor wat hulle as hulle grootste suksesse beleef, is dit betekenisvol dat missionale gemeentes nie hulle suksesse meet aan suksesvolle projekte nie, maar aan die diepgaande skuiwe wat plaasvind.
***1** ’n Diep kultuurskuif vind plaas wat ’n nuwe manier van dink oor kerkwees, die roeping van die kerk, die God wat ons roep en stuur en ook oor lidmaatskap, behels.
***2** ’n Fundamentele houding van luister na Gees en leer van die konteks, ontwikkel.

***3** Sukses gaan oor ’n diep en voortgaande transfomasie.

Die belangrikheid van leierskap was baie duidelik. Missionale transformasie is onmoontlik sonder intensionele leierskap. Die aard van hierdie leierskap is ook belangrik: dit is nie heersende leierskap nie maar dienskneg- en bemagtigende leierskap wat bereid is om risiko’s te loop en weerstand te hanteer.
1.2.7 Bedieningspraktyke: Dit is opvallende dat missionaliteit nie net gestalte kry in bepaalde projekte nie, maar dat dit die bediening van die gemeente in totaliteit transformeer. Die onderskeid tussen opbou en uitbou vervaag. Die totale bediening van die gemeente word bedink en gepraktiseer vanuit die missionale identiteit.
1.2.8 So word eredienste byvoorbeeld ingerig om die gaping tussen die gemeente en gemeenskap kleiner te maak. Eredienste word bewustelik ingerig om meer verwelkomend teenoor vreemdelinge te wees, maar dit dien ook om die gemeentelede toe te rus, te motiveer en uit te stuur vir hulle roeping in die wêreld. Getuienisse en verhale van uitreik speel hierin ’n belangrike rol. Gemeentelede leer om ’n nuwe soort taal te gebruik, nl missionale taal wat in die eredienste vasgelê word.
1.2.9 Wat gemeentestrukture betref: dit volg die missionale visie en is daarom soepel, buigsaam en doelmatig. Die doel is om lidmate te bemagtig eerder as om te beheer en te kontroleer. Hierdie gemeentes is intensionele gemeenskappe waar die strukture uitdrukking gee aan die missionale roeping.
1.2.10 Lidmaatskap word herdefinieer na dissippelskap. In baie van hierdie gemeentes word lidmaatskap nie primêr gesien as lidmaatskap aan ’n kerk nie, maar as deelname aan God se sending. Daar is heelwat gemeentes wat dan ook vertel van mense wat betrokke is wat nie lidmate is nie. Prosesse van geloofsvorming is belangrik om hierdie transformasie te laat plaasvind.
1.2.11 Op dieselfde manier word jeugbediening en die pad na belydenisaflegging ook in terme van dissipelskap herdefinieer. So berig een gemeente dat deelname aan uitreike een van hulle vereistes vir toelating tot belydenisaflegging is. Jeugbediening word ’n geleentheid om kinders en tieners missionaal te vorm deur oa aktiewe deelname aan missionale uitreike. Dit is dikwels multi-kultureel en multi-denominasioneel.
1.2.12 Betrokkenheid in die plaaslike gemeenskap: Ons hoor van ’n herdefiniëring van sending van ’n aksie daar vêr na ’n bediening in die plaaslike gemeenskap en ook buite die onmiddellike gemeenskap. Gemeentes beweeg weg van ’n tjekboekverhouding met sendelinge iewers elders na direkte betrokkenheid deur die gemeentelede self.
1.2.13 Die gemeentes dui ’n lang lys van dinge aan wat hulle anders begin doen het. Elke gemeente het uiteraard nie alles op hierdie lys begin doen nie, maar dit gee ’n oorsig van hoe divers die veranderinge is wat missionaliteit in gemeentes laat plaasvind :

- Groter gasvryheid in die eredienste.
- Die gerigtheid op en openheid vir die gemeenskap verander die taal van die liturgie en prediking.
- Die gebruik van sosiale media vir kommunkasie na buite die gemeente.
- Betrokkenheid as vennoot by gemeenskapsaktiwiteite.
- Gebedsbediening wat meer doelgerig op die gemeenskap en uitreike in die gemeenskap fokus.
- Sommige gemeentes vertel van ’n naamsverandering wat hulle definieer in terme van hulle visie en nie in terme van die denominasie nie.
- Ontwerp van geloofsgewoontes wat dissipelskap in die taal en kultuur van die omgewing bevorder.
- Gemeenskapsentrums vir die gemeenskap wat vanuit gemeentes ontwikkel word.
- Geld, en die insameling van fondse, speel ’n ander rol as in die verlede. Gemeentes word meer vrygewig deur weg te gee sonder om iets terug te verwag.
- Heelwat meer risiko’s word geneem as in die verlede tov die aard van die bediening en die ontwikkeling van nuwe bedieninge.
- Die viering van die gestuurde visie in die gemeente.

1.2.14 Die gemeentes in die navorsingsgroep het die volgende beste praktyke aangedui:
***1** Geloofsvorming deur omgang met die Woord sowel as omgang met die mense in die omgewing (wêreld).
***2** Getuienisse in die eredienste.
***3** Vlagskipprojekte waarin lidmate aanleer wat missionaliteit in die praktyk beteken.
***4** ’n Leierskorps wat koers aandui en op koers bly.
***5** Intensionele bou van verhoudings binne en buite die gemeente.

Wat die toekomsvisie aanbetref, is dit duidelik dat die transformasie na missionale gemeentewees hoop gee vir die toekoms van gemeentes en hulle leiers. ’n Nood van die gemeenskap wat in die toekoms

die aandag van missionale gemeentes gaan vra, is die toenemende hoeveelheid kerklos en kerkvervreemde mense in die gemeenskappe. Daar ontwikkel ’n behoefte aan evangelisasiemodelle wat toepaslik is vir die konteks en wat in die praktyk werk.

2. SAKE WAARVAN DIE LEIERSKAP VAN DIE SINODES KENNIS MOET NEEM.

2.1 Een van die uitstaande uitkomste van hierdie studie is die belangrikheid van leierskap wat koers aandui, bereid is om risiko’s te neem en wat kan volhard wanneer daar weerstand is. Sinodale leiers moet die belang van hulle eie leierskap in hierdie verband nie onderskat nie.
2.2 Sinodes kan en behoort advokate wees wat ruimtes skep waarbinne gemeentes kan waag om te transformeer. Onbuigsame burokratiese sisteme kan die transformasie vir gemeentes baie moeilik maak.
2.3 Sinodes en ringe behoort gemeentes wat in die proses van transformasie is, te help om in netwerke en groepe bymekaar te kom om by mekaar te leer en mekaar te ondersteun. Waar daar nie ondersteuningsisteme vir gemeentes in die proses van transformasie na missionaliteit bestaan nie, is dit baie moeiliker vir gemeentes om hulle weg te vind en daarop te volhard. Moet veral nie toelaat dat gemeentes in die proses van missionale transformasie geïsoleerd raak en moedeloos word nie.
2.4 Sinodes moet daarby ook kyk na die ontwikkeling van meganismes waarmee gemeentes in geloofsonderskeiding begelei kan word. Die onderskeiding van roeping in die konkrete konteks is wesenlik.
2.5 Sinodes moet ook kennis neem dat die transformasie ’n lang proses is wat jare neem en nie ’n projek wat vir ’n jaar of twee aangepak en afgehandel kan word nie.
2.6 Opleiding en heropleiding van predikante is ’n saak van prioriteit. Dit blyk uit die navorsing dat geen gemeente se kop in die rigting van missionaliteit draai as daar nie intensionele leierskap uitgeoefen word nie en die rol van predikante hierin is wesenlik.
2.7 Al drie teologiese fakulteite sal meer moeite moet doen om tentmakers, kerkplanters en gestuurdes op te lei op verskillende vlakke met verskillende kwalifikasies en bedieninge. Voltydse predikante raak al hoe meer onbekostigbaar, is soms onproduktief, werk vir aftrede en word deur kerkrade gemanipuleer.

Besluit 2015 (A 7.2 bl 124 pt 3, T.7.5.1 bl 1 pt 1.3, Notule Dag 3 pt 9)

3.1 Die Algemene Sinode versoek die leierskap van die streeksinodes om deeglik kennis te neem van punte 2.1–2.7 (A.7.2 bl 124) en dit in hulle werkswyses te inkorporeer.
3.2 Die Algemene Sinode versoek die Algemene Kuratorium om toe te sien dat die opleiding van teologiese studente en die voortgesette opleiding van predikante voldoende aandag gee aan die ontwikkeling van leiers wat missionale transformasie kan lei.
3.3 Die Algemene Sinode besluit dat Gemeentebediening voortaan as deel van die Projekspan Missionale Transformasie funksioneer.